



FYNBOSFIRE IN THE NEWS

Warm op die spoor van oplossings vir die dreigende weghol-brandgevaar

Deur Jo-Anne Smetherham

Onlangste weghol-veldbrande in die Wes-Kaap het weer die debat laat opvlam oor hoe om vir brande te beplan en dit te bestuur, sonder om toe te laat dat plase, die omgewing, geboue en selfs lewens vernietig word.

Deskundiges sê dat die klimaat skaal nou gelaai is ten gunste van groter veldbrande wat moeiliker beheer word – en tensy ons 'n groter begrip ontwikkel van hoe om veldbrande te bestuur, sal dit al hoe moeiliker word om die skade aan mense, die ekonomie en die omgewing te beperk.

Tydens die Wes-Kaapse brandseisoen die afgelope somer, het weghol-veldbrande gewoed van Hermanus tot die Sederberge en Franschhoek – waar twee plase ontruim moes word en twee geboue afgebrand het. Hierdie brande het die debat oor hoe om vir wegholbrande te beplan en dit te bestuur, weer laat vlam vat.

Die fynbosryk in die Wes-Kaap is die kleinste – dog rykste planteryk – in die wêreld, met die hoogste konsentrasie van plantspesies bekend. Fynbos bedek die berge, valleie en kusvlaktes van die suidelike en suid-weslike Kaap in 'n halfmaan, wat strek van Nieuwoudtville in die noorde tot by Kaapstad in die suide en Grahamstad in



die ooste. Vuur dien 'n doel in die fynbosplanteryk. Daar is eenstemmigheid dat fynbos vuur benodig, wat kan dien as agent van hergeboorte, of as orkaan van verwoesting – die vraag is net hoe dikwels en hoe warm.

Indien fynbos elke sewe- tot twintig jaar brand, word verouderende plante vernietig, baie soorte saad ontkiem en bolplante begin weer groei.

“Sonder vuur sou daar geen fynbos gewees het nie – dis só eenvoudig soos dit,” sê dr Brian van Wilgen van die WNNR se departement natuurlike hulpbronne en omgewing en die Universiteit van Stellenbosch se sentrum vir indringer-biologie.

Dit is egter nie heeltemal so

eenvoudig nie. Verskillende fynbosspesies word bevoordeel deur brande wat rofweg binne die sewe-tot-twintig jaar tydperk voorkom, sê professor Guy Midgley, hoof van die Suid-Afrikaanse Nasionale Biodiversiteitsinstituut (SANBI) se klimaatveranderingsprogram.

As brande té gou kom en té dikwels, of té selde, word sommige spesies uitgewis.

Veldbrandnavorsers Diane Southey, het onlangs in haar meestersgraadtesis bevind dat daar die afgelope paar jaar toenemende getalle groter veldbrande voorgekom het.

“Alhoewel dit 'n tentatiewe bevinding is, kan dit die gevolg wees van meer dae met hoë brandrisiko – en 'n vroeëtydige



waarskuwing oor klimaatsverandering,” sê Midgley.

Dr. Tony Rebelo van SAN-BI meen dat brande in veld wat meer as 25 jaar oud is, of wat gereed is om binne twee jaar te brand, toegelaat moet word om uit te woed. Hy wys egter daarop dat dit nog nie 'n uitgemaakte saak is wie so 'n besluit moet neem of watter risikofaktore in ag geneem moet word nie.

In die verlede was veldbrandbestuur baie afhanklik van die blus van onbeplande brande, asook beplande voorbrande. Meer onlangs het meer gevorderde hulpmiddels vir brandbestuur beskikbaar geraak, met vooruitgang in brandmodellerings en verbeterde voorspelling van veldbrandweer.

Guy Preston, adjunk direkteur-generaal van die Departement van Omgewingsake, stem saam dat sommige brande, soos dié in dele van die Sederberge en ander afgeleë gebiede, onder sekere omstandighede toegelaat kan word om uit te brand.

Hy wys egter daarop dat een probleem met so 'n beleid die gevaar van indringerplantegroei is, wat baie van hierdie gebiede vervuil. Hierdie “brandlading” kan lei tot groter intensiteit by veldbrande.

Terwyl hierdie komplekse debat voortduur, word daar saamgestem oor 'n enkele onderliggende beginsel: veldbrande moet bestuur word.

Toe hy bestuurder was van die Kaapse Skiereiland Nasionale Park, wat later die Tafelberg Nasionale Park (TMNP) geword het, het Howard Langley die behoefte aan geïntegreerde brandbestuur voorspel toe hy filosofies opgemerk het dat ons sou slaag wanneer ons kan “brand vir biodiversiteit sonder om huise af te brand.”

Die ontwikkeling van 'n model vir beter brandbestuur, is een van die doelstellings van die GEF Fynbos-brandprojek wat laat verlede jaar geloods is. Die projek is 'n multi-miljoenrand

inisiatief van die Suid-Afrikaanse Regering, die Verenigde Nasies Ontwikkelingsprogram en die Global Environment Facility (GEF).

Sy doel is om volhoubare intervensies te ontwikkel om die benadering tot die bestuur van veldbrande te hervorm. Sy opdrag is om strategieë krities tot goeie bestuur te implementeer in die lig van moontlike klimaatsverandering in die fynbosstreke van die Wes- en Oos-Kaap.

Die breë doel van die projek is om die benadering te verander van 'n reaktiewe een wat veldbrande bestry waar hulle ookal bespeur word, tot een van Geïntegreerde Veldbrandbestuur.

Dit is 'n holistiese benadering wat brandbewustheid en bekamping insluit, die optimale koördinerings van hulpbronne, vroeë waarskuwing van weersomstandighede wat veldbrandrisiko verhoog, die beplande beperking van die brandgevaar wat geskep word deur uitheemse indringerplante en veld wat te oud is, sowel as brandbestryding.

In Desember verlede jaar was temperature in Stellenbosch, naby Franschhoek, 2°C warmer as die langtermyn gemiddelde, wat strook met klimaat-voorskattinge. Dit sou die fynbos uiters droog gelaat het, met 'n hoë brandlading, sê dr. Peter Johnson van Universiteit Kaapstad se Klimaatstelsel-analisegroep.

“Die hewigheid van die brand in die Franschhoekberge, stem ooreen met die krag van brande wat verwag word soos klimaatsverandering begin inskop,” sê hy.

Hy voorspel ook dat meer brande van hierdie omvang in die komende jare verwag kan word.

“Klimaatsverandering raak ons reeds op veelvoudige maniere en dit gaan erger word voordat dit beter word, met wegholbrande een van die gevolge,” meen Duncan Hindle, spesiale

adviseur van die Minister van Landbou, Bosbou en Visserie.

“Ons het nie woude om te brand nie; ons het nie bykomende grond of water of visvoorraad om te vermors nie,” sê hy. “Ons moet dit wat ons het, koester.”

Fynbos-vuurprojekbestuurders meen die eerste treetjies in hierdie rigting word gegee met die versameling van kritieke wetenskaplike data oor klimaatsveranderinge, die monitering van veldbrandgedrag en die bevordering van die stigting van Brandbestrydingsverenigings (FPA's), waardeur grondeienaars saamwerk om geïntegreerde brandbestuur toe te pas.

Die projek moedig boonop deskundiges uit 'n wye reeks verwante dissiplines aan om hul navorsing gesamentlik aan te pak en openbare debat aan te moedig met die doel om die bedreiging van verwoestende brande wat onherstelbare skade aanrig aan mense, landbou, die ekonomie en die omgewing, te verhoed.

- Die GEF Fynbos-brandprojek is geloods om die aanpassings en tegnologie-oordrag in ontwikkelende lande, wat deel is van die Verenigde Nasies se Raamwerkkonvensie oor Klimaatverandering (UNFCCC), te ondersteun. Mede-befondsers van die projek sluit in die Suid-Afrikaanse Nasionale Departement van Omgewingsake deur die programme Werk-vir-Water en Werk-met-Vuur, die Departement van Landbou, Bosbou en Visserie (Wes-Kaap), Brandbestrydingsverenigings, die FFA Groep van Maatskappye en die Verenigde Nasies Ontwikkelingsprogram.

* Jo-Anne Smetherham is 'n voormalige joernalis wat namens die skakelmaatskappy HWB Communications werk aan die Fynbos-brandprojek.



KONTAKBESONDERHEDE

PROJEK KOÖRDINEERDER | TELEFOON: +27 (0)21 797 5787

E-POS: admin@fynbosfire.org.za | WEBTUISIE: www.fynbosfire.org.za